higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## TOERISMEBEDRYWIGHEDE
## NKR VLAK 4

(11011074)

**22 November 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Sakrekenaars mag gebruik word.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en SES bylaes van 11 bladsye.**

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 200**

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ‘n NUWE bladsy.
5. Gebruik ‘n pen slegs met BLOU of SWART ink.
6. Toon ALLE berekeninge.
7. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

### VRAAG 1

Jy werk vir Sunrise Travel in George. Jy word deur mnr Mike Taylor genader om hom te help om ’n toer na Europa vir hom, sy vrou en hul twee kinders van onderskeidelik 16 en 18 jaar te bespreek. Jy moet sy reisverwante navrae beantwoord.

1.1 Beskryf aan mnr Taylor wat 'n diskresionêre toelae behels. (2)

1.2 Bereken hoeveel geld die gesin saam met hulle op hul reis mag neem. Toon AL die toegelate bedrae per gesinslid en bereken die somtotaal. (5)

1.3 Jy stel voor dat mnr Taylor sy geld in reisigerstjeks saamneem.

Adviseer die kliënt oor TWEE voordele en TWEE nadele van hierdie metode om buitelandse valuta land-uit te neem. (2 × 2) (4)

1.4 Noem DRIE ander metodes wat die Taylor-gesin kan gebruik om hul buitelandse valuta saam met hulle na Europa te neem. (3)

1.5 Die gesin is van plan om na Frankryk, Switserland, Denemarke, Noorweë en die Verenigde Koninkryk te reis.

Identifiseer die geldheenhede wat in die volgende lande gebruik word en gee die volledige naam van die geldeenheid:

1.5.1 Switserland

1.5.2 Denemarke

1.5.3 VK

1.5.4 Noorweë

(4 × 1) (4)

1.6 Mnr Taylor wil graag sy geld neem soos hier onder aangedui word.

Bereken hoeveel geld hy in elke geldeenheid sal ontvang. Verwys na BYLAE A. Rond die bedraeaf met geen desimale nie.

1.6.1 R25 000 in EUR-reisigerstjeks

1.6.2 R10 000 in DKK-reisigerstjeks

1.6.3 R15 000 in GBP-reisigerstjeks

1.6.4 R5 000 in NOK-kontantnote

(4 × 3) (12)

1.7 Verduidelik kortliks aan mnr Taylor die stappe wat gevolg moet word om reisigerstjeks te wissel. (4)

1.8 Toe die gesin van die toer terugkeer, het mnr Taylor die buitelandse valuta wat hier onder aangedui word, in sy besit gehad.

Bereken hoeveel geld hy van die Suid-Afrikaanse bank in rand sal terugontvang. Rond die bedrag af tot die naaste rand. Verwys na BYLAE A.

1.8.1 GBP400 in reisigerstjek

1.8.2 NOK500 in kontantnote

(2 × 3) (6)
**[40]**

**VRAAG 2**

Verwys na BYLAE B om die vrae te beantwoord.

2.1 Klassifiseer die reisplan as 'n *algemene* of 'n *persoonlike* reisplan. Gee redes vir jou antwoord. (1 + 2) (3)

2.2 Verduidelik kortliks wat met 'n *opsionele ervaring* bedoel word. (2)

2.3 Identifiseer 'n opsionele ervaring wat tot beskikking is van kliënte wat Amsterdam besoek. (1)

2.4 Wat is die koste verbonde aan die opsionele ervaring wat in VRAAG 2.3 genoem word? (1)

2.5 Sit die koste in VRAAG 2.4 in ZAR om. Verwys na BYLAE A om die bedrag in Suid-Afrikaanse rand om te sit. (3)

2.6 Hoeveel etes is by die toer ingesluit? Wees spesifiek oor die verskillende etes wat by die reisplan ingesluit is. (2)

2.7 Verduidelik kortliks aan 'n kliënt die term *enkelpersoonsbetaling* ('single supplement'). (2)

2.8 Lees BYLAE B en tel hoeveel verskillende lande met hierdie reisplan besoek kan word. (2)

2.9 Reisplanne moet in 'n logiese volgorde saamgestel word. 'n Nuwe werknemer by Trafalgar moet opgelei word. Jy stel 'n kontrolelys vir die nuwe werknemer op om te verseker dat die reisplanne logies opgestel word. Noem VYF algemene kriteria wat gebruik word om te bepaal of die reisplan aan die kliëntebehoeftes in die kontrolelys voldoen. (5 × 2) (10)

2.10 Noem VYF items wat gewoonlik van 'n toerprys uitgesluit word. (5)

Kopiereg voorbehou 

2.11 Dit is belangrik dat Trafalgar terugvoering aan die einde van die toer kry ten einde die toer te kan evalueer. 'n Mens kan oop of geslote-eindevrae by 'n vraelys insluit om inligting oor die toer by die kliënt te verkry.

2.11.1 Formuleer 'n oop vraag en 'n geslote-eindevraag om die verskil tussen die twee soorte vrae te illustreer. (2 × 2) (4)

2.11.2 Noem VYF riglyne wat Trafalgar kan volg wanneer hy 'n vraelys opstel om die reis te evalueer/beoordeel en vir die toekomstige verbetering van dienste te beplan. (5)

**[40]**

**VRAAG 3**

Jy werk vir Jetset Travel in Kaapstad. Mnr Tshabalala en sy vrou nader jou om hulle te help om 'n toer na KwaZulu-Natal te beplan. Hulle verkies 'n toer wat spesiaal vir hulle, volgens hul behoeftes, saamgestel word. Hulle wil graag 10 dae lank in KwaZulu-Natal deurbring. Mnr Tshabalala stel in geskiedenis en kultuur belang, terwyl sy vrou die natuur en inkopies geniet. Hulle is begrotingsreisigers; hulle verkies dus om in selfsorgverblyf tuis te gaan.

3.1 Watter soort reisplan sal jy vir die Tshabalala-gesin beplan? Gee redes vir jou antwoord. (1 + 2) (3)

3.2 Mnr Tshabalala versoek jou om die beste tyd om na KZN te reis, aan te beveel aangesien die weer 'n belangrike rol in die beplanning van 'n vakansie speel.

Bestudeer die weerkaart op BYLAE C om jou aanbeveling te doen.

3.2.1 Besluit watter maande die beste vir die toer sal wees. (1)

3.2.2 Gee redes vir jou antwoord in VRAAG 3.2.1 oor die beste maande om KZN te besoek. (2)

3.3 Stel 'n toerraamwerk op wat SES kriteria, met inligting, bevat om jou te help om die toer vir die Tshabalala-gesin saam te stel. (6 × 2) (12)

Jy moet 'n kliënt help wat 'n tweedaagse reis na New York wil onderneem. Hy wil graag 2-ster-verblyf binne loopafstand van Central Park hê. Hy stel in geskiedenis en kuns belang.

3.4 Bestudeer BYLAE D en beantwoord die volgende vrae:

3.4.1 Noem VIER bronne waartoe jy toegang kan verkry om oor verblyf vir die kliënt te besluit. (4)

3.4.2 Watter hotel sal jy vir die kliënt aanbeveel? (1)

3.4.3 Beplan 'n voldaguitstappie vir die kliënt volgens sy belangstellings. Noem VIER plekke wat hy kan besoek asook EEN aktiwiteit vir die dag. (4 + 1) (5)

3.4.4 Noem TWEE sentralebesprekingstelsels wat jy kan gebruik om 'n bespreking vir die kliënt te maak. (2)

3.5 Kies 'n term uit KOLOM A wat by 'n beskrywing in KOLOM B pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.5.1–3.5.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.5.1 | Natuurramp | A | die tydperk vandat 'n toer geïnisieer word totdat daar vertrek word |
| 3.5.2 | Lewertyd | B | ’n natuurkrag |
| 3.5.3 | Force majeure | C | ’n onverwagse groot gebeurtenis wat plaasvind en maak dat iemand iets doen |
| 3.5.4 | Draagloon ('portage') | D | die tydperk vandat daar by die vertrekpunt aangekom word totdat daar vertrek word |
| 3.5.5 | Bykommissie ('override') | E | die fooi wat gevra word om dinge vir kliënte rond te dra |
| | | F | 'n bykomende bonus wat aan ‘n reisagent gegee word, buiten die gewone kommissie |

(5 × 1) (5)

3.6 Beveel VYF bronne aan wat inligting oor buitelandse valuta en die wisselkoers kan verskaf. (5)

**[40]**

## VRAAG 4

4.1 Voltooi die volgende sinne deur die woord of woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

| spesialebelangstellingstoer; bootvaart; avontuurtoer; vlieg–ry-toer; inklusiewe toer |
|---|

4.1.1 'n … sluit 'n vlug van Durban na Kaapstad en 'n Avis-huurmotor vir vyf dae in.

4.1.2 'n … word opgestel vir 'n groep van tien Gasvryheidstudie vlak 4-studente wat na Frankryk reis om meer omtrent die Franse kookkuns te leer.

4.1.3 'n … na die Tuinroete sluit aktiwiteite in soos 'n boomtoptoer, rekspring en valskermsweef in.

4.1.4 'n … bestaan uit 'n seereis op die Simfonia van Kaapstad na Durban.

4.1.5 'n … sluit elemente soos verblyf, retoerreiskaartjies en aktiwiteite in.

(5 × 2) (10)

4.2 Verwys na BYLAE E om die volgende vrae te beantwoord:

4.2.1 Onderskei met behulp van voorbeelde tussen 'n *geskrewe kontrak* en 'n *geïmpliseerde kontrak*. (2 × 2) (4)

4.2.2 Identifiseer die partye by die kontrak, soos op BYLAE E getoon word. (2)

4.2.3 Waarom is dit vir die kliënt belangrik om 'n deposito aan STA Travel te betaal? (2)

4.2.4 As 'n kliënt besluit om hul toer 20 dae voor hul vertrek te kanselleer, watter skadevergoeding is dan betaalbaar? (1)

4.2.5 Noem DRIE situasies waarin STA Travel nie vir enige skadevergoeding teenoor 'n kliënt aanspreeklik is nie. (3 × 1) (3)

4.2.6 Verduidelik kortliks STA Travel en die gekontrakteerde verskaffer/kliënt se aanspreeklikheid soos dit in die verantwoordelikheidsverklaring aangedui word. (3)

4.2.7 STA Travel beveel ten sterkste aan dat passasiers voldoende reisversekering vir die duur van hul reis moet uitneem.

Verduidelik kortliks die volgende terminologie wat met reisversekering verband hou:

a Inkortingskoste

b Kansellasiekoste

c Persoonlike aanspreeklikheid

(3 × 2) (6)

4.3 Stel aan STA Travel voor wat hy kan doen as hy minder deelnemers het as die minimum groepsgrootte wat hy verwag het. (3 × 2) (6)

4.4 Reisigerstjeks bied aan reisigers die voordeel van ’n veilige manier om besteebare valuta byderhand te hê wanneer hulle reis.

Wat moet tydens die kooptransaksies by die bank voorsien word? (3)

**[40]**

## VRAAG 5

Mev Naidoo van die plaaslike hoërskool nader Peter om haar te help om 'n toer vir die eerste netbalspan te beplan. Die meisies se ouderdomme wissel tussen 16 en 18 jaar. Hulle is leerders by 'n multikulturele skool. Mev Naidoo wil graag na KZN reis en wil hê jy moet natuur- en kultuurbesienswaardighede tussen hul netbalwedstryde deur by die toer insluit.

5.1 Stel ’n kliënteprofiel op om bogenoemde toergroep se behoeftes te klassifiseer. (5 × 2) (10)

5.2 Peter doen navorsing oor die volgende inligting. Voltooi ’n basiese kosteraamwerk vir die toer aan die hand van hierdie inligting. Jou kosteberekening moet wees per persoon wat deel. Voltooi die kosteraamwerkblad wat op BYLAE F voorsien word.

| | | |
|---|---|---|
| 4 nagte | Hadeda House, Backpackers, Durban | R200 p/p per nag |
| Dag 1 | Ushaka Marine World | R150 p/p |
| Dag 3 | Kenneth Stainbank-natuurreservaat | R20 p/p |
| Dag 2 | Durban-ysarena | R90 p/p |
| Dag 2 | Juma Masjid | Gratis |
| | | |
| Dag 1 | Riksjarit | R50 p/p |
| Dag 4 | Slegs netbal | |
| Vervoer (5 dae) | Bus | R1 000 per dag<br>R2,50/km (1 000 km) |
| Etes (5 dae) | | R150 per dag |
| | | |
| Prystoeslag teen 15% | | |
| | | |
| Kommissie teen 10% | | |

(20)

5.3 Nadat die toervoorstel aan mev Naidoo voorgelê is, lig sy Peter in dat die toer te duur is.

Gee VYF riglyne aan Peter vir die verlaging van koste. (5 × 2) (10)

**[40]**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

**BYLAE A**

Absa-wisselkoers

| Geld-eenheid | Naam | Koop note en reisigers-tjeks | Verkoop reisigers-tjeks en oordragte | Verkoop note |
|---|---|---|---|---|
| AED | Verenigde Arabiese Emirate-dirham | 0.2846 | 0.2625 | 0.2590 |
| AUD | Australiese dollar | 0.1049 | 0.0960 | 0.0955 |
| BWP | Botswana-pula | 0.8160 | 0.7224 | 0.7199 |
| CAD | Kanadese dollar | 0.1056 | 0.0937 | 0.0932 |
| CHF | Switserse frank | 0.0811 | 0.0703 | 0.0688 |
| CNY | Chinese yuan of renminbi | 0.5392 | 0.4529 | 0.4504 |
| DKK | Deense kroon | 0.5221 | 0.4405 | 0.4280 |
| EUR | Europese euro | 15.4171 | 16.0437 | 16.0772 |
| GBP | Britse sterling | 17.5383 | 18.2339 | 18.2749 |
| HKD | Hong Kong-dollar | 0.6509 | 0.5487 | 0.5427 |
| KES | Keniaanse sjieling | 0.0000 | 7.2309 | 7.0809 |
| MUR | Mauritiaanse roepee | 2.7116 | 2.4366 | 2.4136 |
| NOK | Noorweegse kroon | 0.6494 | 0.5688 | 0.5588 |
| NZD | Nieu-Seelandse dollar | 0.1171 | 0.1022 | 0.1012 |
| SEK | Sweedse kroon | 0.7005 | 0.6249 | 0.6099 |
| SGD | Singapoer-dollar | 0.1109 | 0.0928 | 0.0918 |
| USD | VS-dollar | 13.4377 | 13.8481 | 13.8541 |

[Bron: *https://www.absa.co.za/indices/exchange-rates*]

**BYLAE B**

7 DAE, 6 LANDE, 12 STEDE

## VLUGTIGE BLIK VAN EUROPA

## R18 680,00 P/P WAT DEEL

Vertrekdatum

**30 JULIE 2018 LONDEN, GB**

Enkelpersoonsbetalings is van toepassing.

Terugkeerdatum

**5 AUGUSTUS 2018 LONDEN, GB**




# JOU REISPLAN

## 1. LONDEN–AMSTERDAM

Sien vanoggend die wit kranse ('White Cliffs') van Dover wanneer jy die kanaal oorsteek op pad na kontinentale Europa. Reis deur België en later verby windmeule op pad na die lewendige stad van Amsterdam in Nederland. Jy kan die geleentheid gebruik om Amsterdam verder te verken deur'n kanaalbootvaart in 'n glasbedekte boot te onderneem om die gewelhuise te besigtig.

**HOTEL** Ibis Schiphol

OPSIONELE ERVARINGS

**Ontdek Amsterdam en ervaar ’n kanaalbootvaart**

Dit is beslis die beste manier om Amsterdam se lieflike besienswaardighede te besigtig! Gaan op ’n private bootvaart in ’n glasdakboot en vaar deur die historiese kanaalring om die indrukwekkende pakhuise, deftige handelshuise, huisbote en brûe te besigtig. Verken dan, saam met ons plaaslike spesialis, die hart van die stad te voet, insluitende die koffiehuise en winkelvensters van die Rooiligdistrik wat jy nie mag misloop nie!

Volwasseneprys: **€3 900**

## 2. AMSTERDAM – COLOGNE – RYNVAART – RYNLAND

Reis vanoggend deur die Hollandse platteland voordat jy die grens na Duitsland oorsteek. Stop om die aanskoulike Gotiese Colognekerk in Cologne, Duitsland, te besigtig voordat jy in die skilderagtige Rynvallei aankom. Hier gaan jy by Boppard op ’n bootvaart wat jou verby sal neem by middeleeuse kastele en steil wingerde wat in terrasse aangeplant is en die bekende, hoëgehalte-Rynse wyn produseer. Leer meer omtrent die legendes wat met hierdie deel van die rivier geassosieer word, insluitende dié oor die bekende Loreleirots naby St. Goar. Kom uiteindelik by jou hotel aan, waar jy vanaand aandete sal nuttig.

ETE(S)
Buffetontbyt/aandete

**HOTEL**
Achat Premium, Weinstrasse

## 3. RYNLAND – SWARTWOUD – RYNWATERVAL – LUCERN-GEBIED (2 NAGTE)

Reis suidwaarts deur die Swartwoudstreek wat aan die weste- en suidekant deur die Rynvallei begrens word. Hierdie pragtige gebied is bekend om sy houtkerfwerk, die skepping van die oorspronklike koekoekklok en spesialiteitskookkuns wat fynkos soos gerookte ham en Swartwoudkoek insluit. Steek die grens na Switserland toe oor voordat jy stop om die indrukwekkende Rynwaterval by Schaffhausen te bewonder.

ETE(S)
Buffetontbyt

**HOTEL**
Krone Giswil

## 4. LUCERN-ORIËNTERING EN VRYE TYD

Vanoggend sentreer jou oriënteringstoer in hierdie middeleeuse stad om die aangrypende Leeumonument wat opgerig is ter ere van Louis XVI se dapper Switserse wagte wat probeer het om die Paleis van die Tuilerieë in Parys tydens die Franse Rewolusie te verdedig. Stap oor die houtbruggie van die kapel wat oor die Reussrivier strek en gaan besigtig die uiekoepelvormige Jesuïetekerk.

Kopiereg voorbehou 

ETE(S)
Buffetontbyt/aandete

OPSIONELE ERVARINGS

**Switserse volkoorleweringsaand en aandete**

Vanaand geniet ons ’n smaaklike Switserse ete, insluitende die bekende Switserse kaasfondue, in ’n tipiese restaurant. Terwyl jy aandete nuttig, kan jy ook na ’n lewendige volksoorleweringsvertoning kyk wat ’n gejodel, vlaggooiery en Alpse horingblasery insluit. Daar is ook twee drankies by die ete ingesluit.

Volwasseneprys: **FR99.00**

## 5. LUCERNE EN OMSTREKE – PARYS (2 NAGTE)

Vandag reis ons noord en steek die Rynrivier die laaste keer in Basel oor, waar jy Switserland verlaat en Frankryk binnegaan. Ons reis deur dele van die bekende wynproduserende Boergondiëstreek, met ’n uitsig oor die uitgestrekte wingerde.

ETE(S)
Buffetontbyt

**HOTEL**
Novotel Pont de Sevres

## 6. PARYS-ORIËNTERING EN VRYE TYD

Jy word vanoggend aan hierdie uitsonderlik beplande stad met besienswaardighede soos die Champs-Élysées, Place de la Concorde, Triomfboog en Eiffeltoring bekendgestel. Waarom beproef jy nie vanaand die Paryse naglewe by ’n kabaretvertoning nie?

ETE(S)
Buffetontbyt

OPSIONELE ERVARINGS

**Notre Dame en die Latynse Buurt**

’n Begeleide toer saam met ons spesialiste deur Parys se boheemse Linkeroewer bring ons by die verstommende Notre Dame uit. Ons ontdek een van die wêreld se bekendste katedrale en die hoogtepunt van Gotiese argitektuur. Daarna wandel ons deur die verruklike Latynse Buurt, ’n middeleeuse doolhof van kronkelende keisteenstegies, waar jy in jou vrye tyd die sypaadjiebistro's, boetieks en weggesteekte dorpspleine kan geniet.

Volwasseneprys: **€33.00**

## 7. PARYS – LONDEN

Ons reis deur noord-Frankryk, verby die slagvelde van die Tweede Wêreldoorlog. Ons steek die Engelse kanaal na Dover oor en sit ons reis na Londen voort, waar jy aan die einde van ’n onvergeetlike vakansie jou medereisigers en reisdirekteur groet.

ETE(S)
Buffetontbyt

[Bron: Aangepas uit *https://www.trafalgar.com*]

## BYLAE C

# Durban: Jaarlikse weergemiddeldes

Februarie is die warmste maand in Durban, met ’n gemiddelde temperatuur van 25 °C (77 °F), terwyl Junie die koudste maand is teen 18 °C (64 °F), met die meeste daaglikse sonskyn om nege-uur in Augustus. Die natste maand is Januarie, met ’n gemiddelde reënval van 130 mm. Die beste maand om in die see te swem, is Januarie, wanneer die gemiddelde seetemperatuur 25 °C (77 °F) is.

### Gemiddelde temperatuur: Durban

| | Jan | Febr | Mrt | Apr | Mei | Jun | Jul | Aug | Sep | Okt | Nov | Des |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **°C** | 25 | 25 | 25 | 23 | 20 | 18 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 24 |
| **°F** | 77 | 77 | 77 | 73 | 68 | 64 | 64 | 66 | 68 | 70 | 72 | 75 |

### Gemiddelde reënval: Durban

| | Jan | Febr | Mrt | Apr | Mei | Jun | Jul | Aug | Sep | Okt | Nov | Des |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **mm** | 130 | 130 | 130 | 70 | 40 | 20 | 40 | 70 | 90 | 100 | 120 | 100 |
| **Dae** | 18 | 15 | 15 | 12 | 7 | 5 | 6 | 9 | 13 | 20 | 20 | 20 |

**BYLAE D: NEW YORK-VERBLYF**




# New York-stad

Apartments **Your Home in Harlem**

*3-ster-hotel*

Harlem, New York City – show on map (5 km vanaf die middestad – toegang tot ondergrondse treine)

Your Home in Harlem het ’n tuin wat van die sitkamer besigtig kan word en dit is in ’n huis van bruinsteen gehuisves.

Apartments **Home NYC**

*2-ster-hotel*

Harlem, New York City – show on map (4.8 km vanaf die middestad – toegang tot ondergrondse treine)

Home NYC is selfsorgverblyf met gratis Wi-Fi en dit is slegs 4,4 km van Central Park in Manhattan geleë. Daar word vrugte en verversings aan gaste by hul aankoms voorsien.

## Days Inn by Wyndham Hotel New York City-Broadway

*2-ster-hotel*

Dit is ’n voorkeureiendom. Daar word voortreflike diens gelewer en dit bied groot waarde. Daar is ook uitnemende resensies oor die hotel beskikbaar.

Upper West Side, New York City (3 km vanaf die middestad – toegang tot ondergrondse treine)

Hierdie hotel is aan die Upper West Side van Manhattan en binne stapafstand van Central Park af geleë. Dit beskik oor ’n fiksheidskamer en elke vertrek het kabeltelevisie.

## Harlem Grand

Harlem, New York City – show on map (5 km vanaf die middestad - toegang tot ondergrondse treine)
Harlem Grand is in New York-stad geleë en kan binne agt minute te voet vanaf die Columbia-universiteit bereik word. Die hotel bied lugversorging met gratis Wi-Fi aan.

## Riverside Tower Hotel

*2-ster-hotel*

Upper West Side, New York City (1.9 km vanaf die middestad – toegang tot ondergrondse treine)
Die Riverside Tower Hotel is 805 meter van die Amerikaanse Museum van Natuurgeskiedenis af geleë en bied gratis Wi-Fi aan. Hierdie nierookhotel is 2.1 km van die Metropolitaanse Kunsmuseum af.

## Hotel Alexander

*2-ster-hotel*

Upper West Side, New York City (3 km vanaf die middestad – toegang tot ondergrondse treine)
Die Hotel Alexander is in die Upper West Side geleë en is ’n verlengdeverblyfsboetiekhotel. Die eiendom is 5.3 km van Time Square af, 1 km van Central Park af en 322 meter van ’n ondergrondse stasie af geleë.

[Bron: *https://www.booking.com*]

## BYLAE E

# STANDAARDBEPALINGS EN -VOORWAARDES: STA TRAVEL

**ONS OOREENKOMS MET JOU**
Ons is STA Travel (ZA) Beperk (STA Travel) en in ons ooreenkoms met jou sit ons uiteen wat jy regtens van ons kan verwag en jou verpligtinge teenoor ons. As agent verkoop ons produkte en dienste namens lugrederye, groothandelsmaatskappye en ander diensverskaffers, insluitende verblyfs- en vervoerdienste (derdepartyverskaffers). Jy moet seker maak dat jy die bepalings en voorwaardes verstaan wat op jou bepaalde reëlings van toepassing is, tesame met hierdie algemene bepalings en voorwaardes, en ons sal die bepalings en voorwaardes of derdepartyverskaffers se webtuistes aan jou beskikbaar stel.

**Jou reisbespreking**
Wanneer jy ’n bespreking maak:
(a) waarborg jy dat jy oor die gesag beskik om vir jouself en namens jou groep die bepalings van hierdie besprekingsvoorwaardes, en enige bepalings en voorwaardes wat deur derdepartyverskaffers opgelê word, te aanvaar en wel aanvaar.
(b) is jy verantwoordelik daarvoor om seker te maak dat al die besonderhede op jou reisdokumente korrek is en om enige foute of teenstrydighede onmiddellik, wanneer jy hierdie dokument ontvang, onder ons aandag te bring. Die name in jou bespreking moet presies dieselfde wees as dié wat in die reisiger se paspoort verskyn.
(c) gaan jy ’n wetlik bindende kontrak aan om die tersaaklike reis of reisverwante produkte en/of dienste by die derdepartyverskaffers te verkry.
(d) namens iemand anders waarborg jy dat jy oor die gesag beskik om namens daardie persoon te aanvaar en wel aanvaar om deur STA Travel se algemene bepalings en voorwaardes en die tersaaklike derdepartyverskaffers se bepalings en voorwaardes gebind te word.

Dit is STA Travel se rol om jou met jou reisreëlings by te staan, jou besprekings te fasiliteer en betalings en terugbetalings te reël, soos toepaslik. STA Travel is nie ’n verskaffer van enige reisprodukte/-dienste as sodanig nie en aanvaar geen verantwoordelikheid vir produkte of dienste wat deur enige derdepartyverskaffers voorsien word of nie voorsien word nie. Ons gee en lewer geen waarborg of voorstelling rakende die standaard van enige dienste of produkte wat deur derdepartyverskaffers voorsien word nie, en geen persoon beskik oor die gesag om enige sodanige voorstelling of waarborg namens STA Travel te gee nie.

As enige derdepartyverskaffer om enige rede nie in staat is om die produkte/dienste wat jy deur STA Travel aangekoop het, te voorsien nie, is jou regsmiddel teen daardie derdepartyverskaffer en nie teen STA Travel nie.

Hierdie algemene bepalings en voorwaardes, tesame met die derdepartyverskaffers se toepaslike bepalings en voorwaardes, is op enige reisprodukte/-dienste, wat jy deur ons aangekoop het, van toepassing.

**Deposito's en betaling**
Deposito's is nieterugbetaalbaar. Die betaling van ’n deposito stel STA Travel in staat om ’n bespreking vir jou te hou, maar dit waarborg nie die reisgeld en/of die prys nie. Die reisgeld en/of die prys kan slegs gewaarborg word sodra ons volle betaling ontvang het en kaartjies en/of ander reisdokumente uitgereik is. Die besprekingsfooi word ook nie terugbetaal nie.
STA Travel sal jou in kennis stel van die datum waarop volle betaling gedoen moet word.

**Kansellasies en veranderinge**
Jou kontrak met jou derdepartyverskaffers verleen aan hulle toestemming om besprekings te kanselleer of te wysig. Ons sal seker maak dat jy onmiddellik van enige beduidende veranderinge in kennis gestel word, maar ons aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige veranderinge of koste wat as gevolg daarvan aangegaan moet word nie.

Indien ons ’n beduidende verandering aan jou bespreking moet aanbring, sal ons jou so spoedig as wat redelik moontlik is daarvan verwittig as daar genoeg tyd voor jou vertrek is. Dit kan die volgende veranderinge insluit (maar is nie daartoe beperk nie): ’n verandering in verblyf na ’n laer kategorie, ’n verandering van die lughawe waarvandaan jy vertrek, ’n verandering van verskaffer, en ’n verandering in die tyd van jou vertrek- of terugkeervlug met meer as 12 uur. Jy sal die keuse hê om die veranderde reëlings te aanvaar, ’n aanbod van alternatiewe reisreëlings van ’n vergelykbare standaard van ons te aanvaar (ons sal enige prysverskil terugbetaal indien die alternatief se waarde laer is) of jou bespreekte reëlings te kanselleer en ’n volle terugbetaling te ontvang.

| **Tydperk voor vertrek, wanneer ’n beduidende verandering gekommunikeer word** | **Skadevergoeding betaalbaar per persoon** |
|---|---|
| Meer as 56 dae | R0 |
| 55–29 dae | R100 |
| 28–15 dae | R200 |
| 14–7 dae | R300 |
| 7–0 dae | R400 |

**Belangrike nota – veranderinge buite ons beheer**
Skadevergoeding is nie van toepassing nie indien ’n beduidende verandering aangebring moet word om redes wat buite ons beheer is. Dit sluit in (maar is nie daartoe beperk nie) force majeure, oorlog, dreigende oorlog, oproer, burgerlike onrus, terroristebedrywighede, nywerheidsgeskille, natuur- en kernrampe, brande, epidemies, gesondheidsrisiko's en veranderinge weens die herskedulering of kansellering van vlugte deur ’n lugredery of ’n wysiging van die lugredery of vliegtuigtipe, lughawens of hawens wat gesluit of oorvol is, orkane en ander werklike of potensieel ernstige weerstoestande, en enige ander soortgelyke gebeurtenis.

As jy ’n vlug bespreek het en ons word ingelig omtrent ’n aansienlike skeduleverandering deur jou lugredery voordat jy uit Suid-Afrika vertrek, sal ons jou per e-pos kontak om jou hiervan in kennis te stel. Maak asseblief seker dat jy jou kontak-e-posadres vir STA Travel gegee het en dat jy gereeld jou boodskappe nagaan voordat jy vertrek. STA Travel het geen beheer oor lugrederye se skeduleveranderinge nie en aanvaar geen aanspreeklikheid vir koste wat weens sodanige veranderinge kan ontstaan nie.
Nadat jy Suid-Afrika verlaat het, is jy verantwoordelik daarvoor om by die lugredery seker te maak dat enige vlugte vorentoe of aansluitingsvlugte (hetsy plaaslik of internasionaal), wat jy bevestig het, wel volgens jou bespreking nog van toepassing is. Ons beveel ten sterkste aan dat jy jou lugredery minstens 72 uur voor die geskeduleerde vertrek van elke vlug kontak. Neem asseblief kennis daarvan dat sekere lugrederye van jou verwag om jou beoogde vlug by hulle te bevestig.

**Ons verantwoordelikheid vir jou reëlings**
Ons het alle redelike sorg aan die dag gelê om te verseker dat al die dienste wat deel uitmaak van die reëlings wat STA Travel getref het, deur doeltreffende en betroubare ondernemings gelewer word. Hierdie ondernemings moet alle plaaslike en nasionale wette en regulasies gehoorsaam van die land waarin hierdie dienste gelewer word. Neem asseblief kennis daarvan dat oorsese veiligheidstandaarde laer kan wees as dié in Suid-Afrika. Jy erken en kom egter ooreen dat STA Travel geen aanspreeklikheid vir enige handeling, weglating of versuim, hetsy nalatig of andersins, van enige derdepartyverskaffer aanvaar nie.
In omstandighede waarin STA Travel se aanspreeklikheid nie uitgesluit kan word nie, is sodanige aanspreeklikheid beperk tot die waarde van die aangekoopte reisreëlings.

STA Travel behou die reg voor om te weier om dienste aan enige individu, regsentiteit of groep reisigers te lewer.

**JOU OOREENKOMS MET ONS**
Deurdat jy jou reëlings by ons finaliseer, aanvaar jy dat die bepalings van hierdie ooreenkoms (en voorwaardes van enige kontrak wat met enige derdepartyverskaffer(s) aangegaan is) op jou bespreking en jou reisreëlings van toepassing is. Jy stem ook in dat ons jou en ander lede van jou groep se persoonlike inligting mag verwerk. Ons en die derdepartyverskaffers kan jou persoonlike inligting aan ander verskaf wanneer hulle regstreeks betrokke is by die fasilitering van jou reisreëlings en besprekings en die voorsiening van reisdienste en -produkte. Ons kan byvoorbeeld jou persoonlike inligting aan lugrederye, hotelle, motorverhuringsmaatskappye en ander diensverskaffers wat jou reisreëlings fasiliteer, openbaar maak.

**As jy jou bespreking verander**
As jy jou bespreking wil verander en hierdie verandering is toelaatbaar en moontlik, sal STA Travel jou ʼn diensfooi vra om die verandering te verwerk. Die derdepartyverskaffer kan ook ʼn diensfooi vra. Vir veranderinge ná jou vertrek, sien asseblief die 'Global Travel Help'-afdeling op www.statravel.co.za vir besonderhede oor hoe jy veranderinge kan aanvra. Neem asseblief kennis daarvan dat alle besprekingsveranderinge aan beskikbaarheid en die bepalings en voorwaardes van die produk of diens wat aangekoop is, onderhewig is. Vir veranderinge voor jou vertrek, kontak asseblief die oorspronklike tak waarby jy jou kaartjie bespreek het.

**As jy jou bespreking kanselleer**
As jy jou bespreking kanselleer, is die kansellasiebepalings en -voorwaardes van jou derdepartyverskaffers van toepassing asook die STA Travel-fooie wat op jou reisplan en kwitansie uiteengesit is. Ons moet ʼn skriftelike kennisgewing van kansellasie en jou oorspronklike kaartjie/reisbewys van jou ontvang voordat ons enige terugbetaling kan oorweeg. As jy besluit om jou reëlings voor die sperdatum van die betaling van die oorblywende reisgeld te kanselleer, is enige deposito's wat jy betaal het, nieterugbetaalbaar. Terugbetalings word slegs aan jou oorbetaal sodra ons die fondse van die derdepartyverskaffers terugontvang het.

**Versekering**
Reisversekering is ʼn noodsaaklike deel van jou reëlings. Ons beveel ten sterkste aan dat jy voldoende versekering vir die duur van jou reis uitneem. Reisversekering is ʼn verpligte element van sommige reisreëlings. Ons kan reisversekering namens jou reël en kan ʼn kwotasie aan jou voorsien asook enige navrae beantwoord wat jy kan opper betreffende die versekering wat ons bied. Wanneer ons egter vir jou versekeringsreëlings tref, doen ons dit uitsluitlik as agente namens jou, en enige reg op verhaal is uitsluitlik teen die versekeraar.

[Bron: Aangepas uit *http://www.statravel.co.za/sta-terms-conditions.htm*]

**BYLAE F**

| EKSAMENNOMMER | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**VRAAG 5.2**

| *ITEMS* | *SPESIFIEKE INLIGTING* | *BEDRAG PER PERSOON* |
|---|---|---|
| **VERBLYF** | | |
| **BESIENSWAAR-DIGHEDE** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| **VERVOER** | | |
| **ETES** | | |
| | | |
| **SUBTOTAAL** | | |
| **PRYSTOESLAG** | | |
| | | |
| **KOMMISSIE** | | |
| **TOTAAL** | | |

**[20]**

Kopiereg voorbehou